Laerskool
HERMANUS
Primary

028 312 3670
www.hermanusprimary.co.za
principal@hermanusprimary.org.za
Dirkie Uysstraat | Dirkie Uys Street
Hermanus, 7200

Geagte Ouer/Voog

**ADMINISTRATIEWE VORM: LAERSKOOL HERMANUS**

Soos met enige ander skool word toelating tot Laerskool Hermanus deur leerdergetalle en ’n toelatingsbeleid bepaal. Vir strategiese beplanningsdoeleindes en effektiewe kommunikasie vra ons dat u die Administratiewe vorm voltooi en inhandig by Mev Mulder by Laerskool Hermanus.

**Aansoek geskied deur die volgende stappe te volg:**

1. Volg die stappe op die WKOD-webwerf om aanlyn aansoek te doen: https://admissions.westerncape.gov.za
2. Voltooi ook Laerskool Hermanus se adminvorm.
3. Handig u voltooide vorms asook ondersteunende dokumentasie in by Mev Mulder by Laerskool Hermanus. (Let wel: geen kopieë kan by Laerskool Hermanus gemaak word nie.)
4. **BAIE BELANGRIK:** Maak asseblief seker dat alle administrasie vorms volledig voltooi en vergesel word deur die nodige ondersteunende dokumentasie. Indien slegs 1 ouer teenwoordig en/of betrokke is, moet daar ‘n beëdigde verklaring en/of doodsertifikaat aangeheg word. Voltooi asseblief ‘n afsonderlike aansoek vir elke leerder.

Neem asseblief kennis dat hierdie administratiewe vorm slegs vir inligtingsdoeleindes is en geen invloed op die WCED se toelatingsproses het nie. Om betyds die nodige beplanning af te handel, moet ons **alle administratiewe vorms voor of op DINSDAG, 14 APRIL 2026 terug ontvang.**

**Wanneer dit terugbesorg word moet dit die volgende ondersteunende dokumentasie bevat:**

- Bewys van WKOD-aanlynaansoek
- Afskrif van ID-dokumente of paspoorte van beide ouers en/of voogde (gesertifiseer, nie ouer as 6 maande nie)
- Afskrif van leerder se geboortesertifikaat of paspoort (gesertifiseer, nie ouer as 6 maande nie)
- Afskrif van leerder se mees onlangse skoolrapport
- ‘n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se immuniseringskaart
- Afskrif van mediese fondskaart
- Bewys van adres / verblyf- en studiepermitte (indien van toepassing)
- Beëdigde verklaring indien slegs een ouer teenwoordig en/of betrokke is

U samewerking word waardeer.

Die uwe

JG Giliomee
Skoolhoof